UIT DIE SERNICK-KRAAL

Van Sernick aan jou

Tegnologie en data in die voerkraal

Basiese tegnologie om data vir rekordhouding op te neem en te stoor, word redelik algemeen in die landbousektor gebruik. Die rekordhouding van data word gebruik om die in- en uitsette van produksie te evalueer. Daar kan egter baie meer met akkurate data gedoen word.

Die Sernick-voerkraal en -abattoir het in die DIMSSA digitale rekordhoudings- en bestuurstelsel, met sy unieke apparatuur wat rekordhouding en bestuur rewolusioneer, belê. Die stelsel neem data doeltreffend op in 'n maklik hanteerbare formaat, wat vir analise en bestuur gebruik kan word. Data moenie slegs vir historiese rekordhouding gebruik word nie, maar moet ook vir bestuursbesluitneming aangewend word.

Die basismodules sluit in:

- **Beesbestuurstelsel:** Elke dier het 'n hoë radiofrekwensie-oorplaatjie wat 'n unieke ID-nommer vir elke dier bevat. Al die diere se inligting word aan dié ID-nommer gekoppel en daaronder gestoor. Dit sluit in sy afkoms, gewig, ouderdom, geslag, verwerkingsinligting, voer, groei en karkasinligting. Dit sorg vir totale naspeurbaarheid deur die hele voerkraal- en slagproses.
- **Voermengaanleg- en voervoorsieningbestuurstelsel:** Die mengaanleg en voerkarre werk saam op 'n digitale platform vir presisie- en prioriteitsvoeding. Die voerkraalbestuurder sleutel al die inligting in die stelsel in – dit sluit in die aantal diere in die kraal, teikeninnames en voerrantsoene. Hierna word die kriplesings daagliks ingelees. Die stelsel neem die besluitneming en kommunikasie van hier af oor. Die tipe rantsoen wat gemeng moet word, word digitaal aan die mengaanleg gestuur. 'n Voerkar ontvang dan 'n digitale opdrag om die rantsoen te laai en 'n spesifieke hoeveelheid vir 'n spesifieke kraal te voer.
- **Abattoir-data:** Alle data van die abattoir word opgevang en op dieselfde stelsel gestoor.

Al die data word ook na die wolk gestuur en daarop gestoor. Die data word dan lewendig en dadelik beskikbaar gemaak. Data word dus nie net vir rekordhouding gebruik nie, maar ook vir daaglikse bestuur.

Internasionale naspeurbaarheid

Die hoë radiofrekwensie-identifikasietegnologie is die enigste stelsel wat by die Verbruikersraad geregistreer kan word vir internasionale naspeurbaarheid op die GS1-standaard. Die stelsel laat Sernick toe om volledige naspeurbaarheid vas te lê en internasionaal te bewys. Dit is 'n deurbraak vir die lewendehawesektor en bevorder die potensiaal vir uitvoere.

'Groot data' verwys na soortgelyke data wat in 'n gestruktureerde formaat vasgevang word. Dié data kan gebruik word om tendense te identifiseer, prestasie-analises te doen, vergelykings te tref, geleenthede te identifiseer en kan as ruimte vir verbetering en fout-identifisering dien.

Die gebruik van sekere produkte, genetika, dienste en bestuur kan geanaliseer word om optimale strategieë te vind. Hierdeur word die bedryf vorentoe geneem en word gesorg dat die spreekwoordelike wiel nie herontwerp word nie. Kunsmatige intelligensie word ook ingespan om hierdie tendense te herken, te identifiseer en vir outomatiese besluitneming te gebruik ten einde optimalisering te bewerkstellig. VP

Kontak ons gerus vir meer inligting.
Phillip Oosthuizen:
Hoof van Ekonomie en Navorsing
Sel: 076 901 8763
Epos: phillip@sernickgroup.co.za
Webtuiste: www.sernick.co.za

Verloorders sien die risiko's, wenners sien die belonings.

Die krag van optimisme

Landbou vat voor met tegnologie.

Suid-Afrikaanse landbouers is uniek